justchad_cga

# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (4/15)

*Justin Chadwick (13 Februarie 2015)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "An expert is a person who has made all the mistakes that can be made in a very narrow field" Niels Bohr***

## ALMAL OPGEWONDE OOR DIE TIENDE KRIEKET WêRELDBEKER EN DIE EERSTE SITRUS SUMMIT

Die advertensie wat die rondte op televisie doen wys dat alle Suid-Afrikaners opgewonde is oor die tiende ICC krieket wêreldbeker. Vorige kere het Suid-Afrika goed gelyk maar teleurstellend geeindig – en die naam "chokers" gekry omdat hul nooit die eindstryd kon bereik nie. Al die ander groot krieketlande was al in die eindstryd – Australië het al 4 oorwinnings uit 6 behaal. Wes-Indië en Indië het beide 2 van die 3 eindstryde waarin hul gespeel het, gewen, met Sri Lanka 1 uit 3 en Pakistan 1 uit 2. Engeland het 3 keer in die eindstryd gespeel maar het nog nooit oorwinning gesmaak nie. CGA se Zimbabwiese Direkteur Paul Bristow sal hoop vir 'n storm wanneer Suid-Afrika sy buurman ontmoet in die openingswedstryd op Sondag. Hy sal dan iets hê om oor te praat by Maart se CGA Raadsvergadering. Alle Suid-Afrikaners sal die Proteas aanmoedig om 2015 hul Wêreldbeker jaar te maak.

Net so is alle sitrusprodusente van suider-Afrika en die CGA groep se personeel opgewonde oor wat 'n historiese gebeurtenis in Phalaborwa van 11-12 Maart 2015 gaan wees; reëlings is goed opdreef om van hierdie gebeurtenis iets te maak wat afgevaardigdes in staat sal stel om ingeligte besluite in 2015 en daarna te maak. Meeste van die leiers in die sitrusbedryf het reeds geregistreer – dit is steeds nie te laat nie, registreer nou by www.cga.co.za en gaan na die Citrus Summit skakel (of kontak my vir enige hulp). Minister Zokwana (DAFF) is uitgenooi om die Summit te open terwyl Carolina Dawson (navorser by die wêreldbekende CIRAD in Parys, Frankryk) die tendense wat die toekoms van die globale sitruswêreld gaan bepaal, uiteen gaan sit. Die navorsing by CIRAD is uitstekend, en as vorige aanbiedings van die organisasie 'n voorbeeld is, gaan daar lank oor Carolina se aanbieding gepraat word.

Produsente word aangemoedig om Fanie Meyer te kontak om deel te neem aan die gholfdag op Dinsdag 10 Maart – hy het reeds 'n klein maar gedugte groep, en dit is die perfekte geleentheid om op een van Suid-Afrika se beste gholfbane te speel en 5 ure saam met mede sitrusprodusente te spandeer (sommige sal langer neem). Baie kan op die baan bespreek word. [Vir meer inligting kontak Fanie by 082 8559949].

Om te verseker dat produsente van ander areas so veel as moontlik in die veld ook leer soos hul by die Summit gaan doen is 'n velddag gereël vir Dinsdag 10 en Vrydag 13 Maart (dieselfde program word op beide dae gevolg). CRI se Voorligtingspan (Hennie en MC) het 'n wonderlike program saamgestel [vir meer inligting kontak Hennie by 082 447 1537 of MC by 082 338 9853].

## INTERNASIONALE PLANTBESKERMINGS (IPPC) DISPUUT RESOLUSIE PROSES BEGIN

Die oplossing van die CBS dispuut tussen Suid-Afrika en die EU het 'n stap vorentoe geneem deurdat die IPPC Sekretariaat genomineerdes voorgestel het om as kundiges op die "IPPC Expert Panel" te dien; asook 'n konsep raamwerk vir die Paneel om te oorweeg. Wanneer die proses afgehandel is sal die werk van die Paneel begin en met 'n periode van 120 dae wat vir afhandeling van hul beraadslaging daargestel is, is 'n gevolgtrekking moontlik teen middel 2015.

## TERUGVOERING VAN SHAFFE

SHAFFE afgevaardigdes het verlede week in 'n bitter koue Berlyn ontmoet. Volledige besonderhede sal gesirkuleer word sodra die notules ontvang word, maar hier is sommige van die hoogtepunte:

- Van 2003 tot 2013 het SHAFFE lede se uitvoervolumes van 5.8 tot 8.5 miljoen ton gegroei, groei van 47%.
- Oor dieselfde periode het die waarde van uitvoer met 173% toegeneem; van 3.9 tot 10.7 biljoen US$.
- **Argentinië** het 'n gedeeltelike herstel aangekondig nadat 50% van hul suurlemoenuitvoere in 2014 vernietig is; volumes word verwag om van 152 000 tot 210 000 ton toe te neem. Uitvoere van lemoene (40 000 ton) en sagte sitrus (80 000 ton) is soortgelyk aan 2014 se vlakke. Pomelo's word slegs vir die plaaslike mark en prosessering verbou.
- Toestande vir vrugte produksie in **Australië** is oor die algemeen gunstig. Die plaaslike mark bly sterk. 'n Swakker wisselkoers, hoër aanvraag in Asië, onlangse sluiting van Vrye Handelsooreenkomste (Japan en Suid-Korea) en toename in opbrengste beloof 'n goeie uitvoerseisoen (nadat uitvoere van lemoene met 4.1% gedaal het en sagte sitrus met 30% in 2014 in vergelyking met 2013).
- Die ergste koue in 50 jaar het **Chile** in 2014 getref en chaos vir vrugte-uitvoere veroorsaak – veroorsaak 'n 11.4% afname in volumes en 'n verlies wat op US$ 540 miljoen bereken is.
- **Peru** het 'n afname in ekonomiese groei aangekondig nadat sitrusuitvoere met 21% in 2014 gegroei het. Vrye handelsooreenkomste is in die proses met Indië, Indonesië, Rusland, Thailand en Turkye. In 2014 het Peru 120 000 ton sitrus uitgevoer – die meeste hiervan het na die VSA (27%), VK (24%) en EU (20%) gegaan.
- **Uruguay** het omtrent dieselfde volume as Peru in 2014 (118 000 ton) aangekondig; en verwag soortgelyke volumes in 2015. Uitvoere van Uruguay was na EU (30%), VSA (22%), Rusland (11%) en VK (10%).